FEBA SUID-AFRIKA

# FEBA Radio SA se Gebedsendelinge

# *Saam in Gebed*

## *Mei 2026*

**Vrydag 1 Mei:** FEBA se uitsendings vergesel miljoene werkers daagliks op pad werk toe en terug – soms selfs terwyl hulle werk. FEBA-programme leer luisteraars hoe om Bybelse beginsels in die werkplek toe te pas en hoe om beproewings op 'n goddelike wyse te hanteer. Bid dat al die werkers wat na FEBA se programme luister, God se naam deur hul werk sal verheerlik.

**Saterdag & Sondag 2-3 Mei:** Oorstromings het wydverspreide verwoesting in Mosambiek en Malawi veroorsaak. Duisende FEBA-luisteraars, sowel as sommige omroepers, het hul wonings en besittings verloor sodat sommige personeellede op FEBA se persele, en ander by reddingskampe, moes skuiling vind. Bid dat God sal ingryp en verligting sal bring. Vra dat Hy aan reddingswerkers die energie en wysheid sal skenk om die nodige hulp te verleen, en dat Hy FEBA se uitsendings sal gebruik om luisteraars te vertroos en hul geloof te versterk.

---

**Maandag 4 Mei:** Bid vir pastoor Amos (Malawi) en Bright Sonjera (Mosambiek) waar hulle leiding moet gee aan hul spanne en luisteraars wat deur die vloede geraak is. Bid dat God hulle wysheid sal gee om probleme op te los en krag om die nodige ondersteuning te bied. Vra ook dat hulle in geloof sal volhard en as goddelike leiers sal dien.

**Dinsdag 5 Mei:** Prys God vir hierdie luisteraar van Kambodja se vernuwing: "Vandat ek na Comfort at Night begin luister het, het my daaglikse lewe verander; ek het geleer om meer geduldig te wees en met meer ywer te werk. Nog belangriker – wanneer ek woede voel opborrel, het die program my geleer om dit te beteuel..."

**Woensdag 6 Mei:** "Nog voordat hulle roep, sal Ek hulle antwoord; hulle sal nog besig wees om te praat, dan verhoor Ek hulle al" (Jesaja 65:24 Afr20). Loof God vir Sy goedertierenheid, wat ons behoeftes vervul nog voordat ons vra. Bid Sy genade en beskerming toe oor alle FEBA-werkers en -luisteraars wat deur mensgemaakte en natuurrampe geraak word.

**Donderdag 7 Mei:** FEBA Malawi se Chiyao-programme word in Tanzanië uitgesaai via 'n kortgolfsender in Eswatini. Daar is meer as 300 luisteraarklubs onder Yao-luisteraars en nuuskierigheid lok Moslems daagliks om by klubs aan te sluit. Bid vir die veiligheid van FEBA se koördineerder in Tanzanië, wat per motorfiets tussen dorpe reis, en vir God se seën op die Yao-bediening in Tanzanië.

**Vrydag 8 Mei:** Bid vir FEBA Mosambiek se jeugbediening onder die Yao- en Makhuwa-stamme, wat hoofsaaklik Moslem is. Die span verkondig die evangelie deur middel van radiodramas, leefstylprogramme vir tieners, en maak ook gebruik van buite-uitsending. Bid vir God se leiding by die vervaardiging van programme, vir ontvanklike harte onder jong Moslem-luisteraars, en vir blywende vrug op FEBA Mosambiek se arbeid.

**Saterdag & Sondag 9-10 Mei:** Voor Jesus se hemelvaart het Hy die dissipels met die Groot Opdrag gelaat: "Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd" (Matteus 28:19-20 Afr20). Bid dat FEBC Internasionaal sal aanhou om hierdie opdrag ywerig te gehoorsaam en dat luisteraars ware dissipels van Christus sal word.

**Maandag 11 Mei:** FEBC-spanne werk hard om van luisteraars volgelinge van Christus te maak deur persoonlike interaksie, dissipelskapprogramme, en deur hulle in aanraking te bring met plaaslike kerke. Dit blyk dat baie gelowiges nie weet hoe om nuwe bekeerlinge te leer nie. Bid dat God vir FEBC die wysheid en geleentheid sal bied om programme te vervaardig wat hierdie behoefte aanspreek.

**Dinsdag 12 Mei:** 'n Luisteraar het onlangs vir FEBC Thailand vertel: "Ek luister elke dag na FEBC se program. Dis wonderlik om bemoediging uit die program te kry. Ek wil graag vra vir 'n Bybel en vir julle Bybel-korrespondensiekursus. Ek wil meer van God weet en verstaan." Bid dat sy in geloof sal groei soos sy God se Woord bestudeer.

**Woensdag 13 Mei:** "Terwyl hulle, soos Hy weggaan, stip na die hemel bly kyk, staan daar meteens twee mans in wit klere by hulle en vra: 'Galileërs, waarom staan en staar julle na die hemel? Hierdie Jesus, wat van julle na die hemel weggeneem is, sal net so terugkom soos wat julle Hom na die hemel sien weggaan het'" (Handelinge 1:10-11 Afr20). Amen!

**Donderdag 14 Mei:** Vandag herdenk ons Christus se triomfantlike hemelvaart. Laat ons, terwyl ons uitsien na Sy terugkeer, bid dat God FEBC sal aanhou gebruik om die Goeie Nuus in moeilik-bereikbare plekke te versprei. Bid dat elke uitsending vandag gelowiges sal aanspoor om die evangelie te deel met dié wat dit nog moet hoor.

**Vrydag 15 Mei:** FEBC belê baie daarin om gesinne te leer hoe om volgens God se wil te leef. 'n Luisteraar deel onlangs: "Ek het gesmag na my gesin se liefde, want ek kom uit 'n gebroke huis. Dank die Here, ek ken Hom nou, en ek hou aan bid dat my gesin weer heel sal word." Bid dat gebroke gesinne genesing deur FEBC se uitsendings sal vind.

**Saterdag & Sondag 16-17 Mei:** Die Bybel kan moeilik wees om te verstaan vir iemand uit 'n Boeddhistiese agtergrond. FEBC Thailand streef daarna om diesulkes tegemoet te kom deur aanlyn-Bybelopleiding in 'n eenvoudige formaat wat vir gelowiges met 'n Boeddhistiese agtergrond ontwerp is. Studente van alle ouderdomme en lewensweë (selfs gevangenes) leer hoe om die Bybel oor basiese temas, soos verlossing en die Drie-eenheid, te raadpleeg. Bid dat studente van FEBC Thailand se Bybel-korrespondensiekursus God se Woord as lewend en kragtig in hul lewens sal leer ken.

---

**Maandag 18 Mei:** FEBC Filippyne se direkteur, Luis Castillo, bestuur 'n groot bediening wat oor radio, aanlyn, sowel as "op die grond" bedien. Die gehoor wissel van Moslems tot stamme wat in die berge woon tot klassieke musiekentoesiaste in Manila. Bid dat Luis en sy span hul oë op God gerig sal hou en ontvanklik sal bly vir Sy leiding.

**Dinsdag 19 Mei:** "Ek was depressief, maar sedert ek verlede jaar na jul radiostasie begin luister het, het ek elke dag veranderinge in my lewe gesien." Bid dat hierdie luisteraar in China volkome genees sal word van depressie en dat haar getuienis ander mense na God sal lei.

**Woensdag 20 Mei:** "Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het" (Johannes 14:26 Afr20). Loof God dat Hy die Heilige Gees gestuur het! Vra dat elke FEBC-werker en -luisteraar vandag bewus sal wees van die Heilige Gees se werk in hul lewens.

**Donderdag 21 Mei:** In Japan ervaar Christene dikwels 'n vorm van "beleefde vervolging" – die vrees vir aanstoot gee, plaas druk op hulle om stil te bly oor hul geloof. In so 'n omgewing raak radio en digitale evangelisasie noodsaaklik. Bid dat FEBC Japan se programme luisteraars sal aanspoor om getuies vir Christus te wees en nie-gelowiges na Hom toe te lok.

**Vrydag 22 Mei:** Bid vir die ondergrondse kerk in Noord-Korea, waar die etiket van "Christen" tot verskriklike straf kan lei. FEBC Korea se uitsendings dek die hele Noord-Korea en laat oorlopers toe om hul landgenote met die Goeie Nuus te bereik. Bid vir Noord-Koreaanse gelowiges se veiligheid en vra dat FEBC Korea se uitsendings luisteraars in hul geloof sal versterk en vertroos.

**Saterdag & Sondag 23-24 Mei:** Soos God belowe het, het Hy die Heilige Gees gestuur as Helper, Raadsman en Trooster van gelowiges. FEBA se bediening sou nutteloos wees sonder die Heilige Gees se werk, wat mense in staat stel om die evangelie te hoor en te verstaan. Prys God dat Hy die Gees van waarheid gegee het om ons te help bid. Bid dat Hy in luisteraars se harte sal werk waar hulle ookal vandag 'n FEBA-uitsending hoor en hulle sal aanspoor om oor te gee aan Christus.

**Maandag 25 Mei:** Drie FEBA-direkteure van drie Sahel-lande besoek vandeesweek Suid-Afrika om deel te neem aan die 30-jaar vieringe op 30 Mei (Pretoria) en 6 Junie (Kaapstad). Bid dat Godi, M'Bimba en Ayata veilig hier sal aankom en dat die radiostasies in Niger, Mali en Tsjad sonder probleme sal funksioneer in hul afwesigheid.

**Dinsdag 26 Mei:** In reaksie op konflik in omliggende gemeenskappe, het FEBA Soedan 'n program oor die skep van vrede en traumagenesing vervaardig. Een luisteraar het onlangs gesê: "Te danke aan die program oor vrede-bou kon baie gesinne en gemeenskappe versoening en vrede vind. Dank die Here!" Bid dat die nuwe besending radio's die evangelie van vrede deur die streek sal versprei.

**Woensdag 27 Mei:** Bid asseblief vir FEBA Afrika en FEBC Internasionaal: "Ten slotte, broers [en susters], bid vir ons, dat die woord van die Here vinnig sy loop sal neem, en net soos by julle, geprys sal word, en dat ons gered sal word van die kwaadwillige en bose mense; want nie almal het geloof nie. Maar die Here is getrou..." (2 Tessalonisense 3:1-3 Afr20).

**Donderdag 28 Mei:** FEBA Niger het in Maart met aanlynstroming begin, wat meer luisteraars toegang gee tot hul uitsendings, in meer privaatheid. Vervolging is 'n bron van groot kommer onder nuwe gelowiges, want verwerping deur hul gesinne laat hulle dikwels sonder heenkome. Bid dat FEBA Niger se aanlynstroming 'n groot oes sal oplewer en gelowiges sal aanmoedig om in geloof te volhard.

**Vrydag 29 Mei:** Bid vir FEBA Mosambiek se jeugdissipelskapprogram in Cuamba. Die span het 'n groepie jongmense opgelei om te help met die vervaardiging van programme tydens buite-uitsendings. Hulle besoek dorpe rondom Cuamba en deel die evangelie terwyl hulle mense onderrig oor MIV en die voorkoming van kinderhuwelike. Bid dat hierdie programme blywende verandering onder luisteraars sal meebring.

**Saterdag & Sondag 30-31 Mei:** Die wydverspreide, voortdurende konflik in die Sahelstreek het tot nou toe meer as 4 miljoen mense ontwortel en die syfer sal na raming 5 miljoen oorskry teen einde 2026. Meer as 42 miljoen mense benodig hulp. Almal benodig die evangelie. FEBA saai uit in Tsjad, Mali, Niger en Soedan, waar hulle die Goeie Nuus deel en luisteraars leer hoe om vredemakers te wees in gewelddadige omgewings. Bid vir God se beskerming oor, en voorsiening aan, FEBA se spanne en luisteraars in die Sahelstreek.




+27 12 335 5708 info@febaradio.co.za www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801 FEBARadioSA feba_radio_sa